Combretum collinum

E: bush willow D:Buschweide

Oor en oor is die pragtige Combretum collinum nou oortrek met sy liggeel blommekleed. Dit kom in die sanderige Omaheke- en Kalahari-sandgrond in die noordooste van Namibië voor. Eintlik vorm die area waar dit voorkom ‘n driehoek met die suidelikste punt 23 grade suid op die Botswanagrens, die twee noordelike punte 13 en 25 grade oos op die grense na Sambië en Angola.

Die plant groei as klein boom van ongeveer 8 m hoogte of as meerstammige struik van 3 tot 8 m . Dit vorm ‘n ronde en digte kroon met diep skaduwee. Van ver lyk dit nogal baie na die appelblaarboom (Philenoptera nelsii) buiten wanneer dit blom. Die twee boomsoorte kom ook saam voor.

In Augustus tot in September is dit blomtyd. Daarna groei die gevleuelde vruggies. Wat die boomkroon in laatsomer roeskleurig en groen laat lyk. Die vleuelvrugte bestaan uit die pit of neut in die sentrum met vier “vlerkies” en is groter as al die ander Combretumvrugte **behalwe** Combretum zeyheri s’n, wat amper tennisbal-groot kan word en besonder pragtig is.

Combretum collinum se harpuis (resin,Harz) word deur die Boesmans geëet, maar dit is nie volop beskikbaar nie.
Die Kwanyama kou of kneus die wortels, maak daarvan tee en drink dit teen hoes.

Die hout kan as brandhout gebruik word, asook vir droppers en pale, maar dit is **nie bestand teen termiete nie**.

Combretum collinum is ‘n absolute bate vir ons sandgrondareas, en ‘n mooi ene nog daarby!

Inligtingsbronne: Tree Atlas of Namibia (Barbara Curtis, Coleen Mannheimer) Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen) Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
Teks en fotos: Anka Eichhoff September 2017